

BENODIGDHEDE

Sowat 200 g vierdraadlyn; hekelpen van 3,50 mm; voeringstof.

MATE

Sowat 32 cm breed en 38 cm lank.

SPANNING

21lb en 9 rye = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS

ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; sp(s) – spasië(s); gs – glijpsteek; herh – herhaal; vlg – volgende; hlb – halwe langbeen; dsl – dubbelslagsteek; st(e) – steek(steke); osk – oop skulp, (2lb, 2ks, 2lb) in dieselfde steek; skulp – 5 lb in dieselfde steek.

HANDSAK MET VIERKANTIGE MOTIEF**HOOFDEEL, 1e pant**

Begin met blom; maak lus soos uiteengesit, 12kb in lus, trek gare styf vas, sluit-gs.

1e rondte: Hekel in voorste lusse van basis-kb: (2lb in vlg kb, 1lb in elk van daaropvlg 2kb) 4 keer, sluit-gs.

2e rondte: 3ks; steek pen in agterste lusse van basis-kb, [(1kb, 1hlb) in 1e kb, (1lb, 1dsl, 1lb) in 2e kb, (1hlb, 1kb) in 3e kb] 4 keer, sluit-gs.

Begin vierkantige motief, 1e rondte: (1kb tussen 2hoek-kb, 5ks) 4 keer, eindig met gs in 1e kb.

2e rondte: Osk in kb, 2ks, 2lb in 5ks-sp, 2ks) 4 keer, sluit-gs.

3e rondte: [Osk in osk, 2ks, (2lb in sp, 2ks) 2 keer] 4 keer, sluit-gs.

4e-6e rondte: Soos 3e rondte, met telkens (2lb, 2ks) meer in elke herhaling.

7e rondte: (Osk in osk, *2ks, 2lb in sp, 2lb op 2lb; herh van * tot laaste sp, 2lb in sp, 2ks) 4 keer, sluit-gs.

8e rondte: (Osk in osk, 2ks, 2lb in sp, lb op lb tot sp voor hoek, 2lb in sp, 2ks) 4 keer, sluit-gs.

9e rondte: [Osk in osk, 2ks, 2lb in sp, 2ks, (slaan 1lb oor, 2lb in vlg lb, 2ks) 8 keer, 2lb in sp, 2ks] 4 keer, sluit-gs.

10e rondte: [Osk in osk, (2ks, 2lb in sp) tot hoek, 2ks] 4 keer, sluit-gs.

11e en 12e rondte: Soos 10e rondte.

13e en 14e rondte: Soos 7e en 8e rondte. Knip gare af en werk netjies af.

HOOFDEEL, 2e pant

Soos 1e pant tot 14e rondte voltooi is, maar gs aan einde van 14e rondte oor osk-sp tot in 1e lb. Plaas pante met verkeerde kante op mekaar. Hekel kb in elke st aan 3 syrande, deur altwee lae, moenie werkdraad afknip nie. Hekel voort in rondtes.

BORAND, 1e (gaatjies-)rondte: Dsl in elk van vlg 2 ste, *2ks, slaan 2 ste oor, dsl in elk van vlg 2 ste; herh van * rondom, sluit-gs.

2e rondte: Gs tot in sp, *2lb in sp, 2ks; herh van * rondom, sluit-gs.

3e rondte: Gs oor 1e lb, osk in elke 2e lb rondom, sluit-gs.

4e rondte: Gs tot in sp, 5lb in elke sp; sluit-gs, knip werkdraad af, werk af.

INTREKKOORD (2)

Maak 'n gedraaide koord, of hekel 'n ketting van benodigde lengte, draai, kb in elke st, draai met 3ks in laaste st en hekel oor ander kant van basisketting, gs vas, knip werkdraad af. Maak nog so 'n koord. Ryg koord in teenoorgestelde rigtings deur gaatjiesry, knoop punte vas.

VOERING

Knip 2 vierkantige stukke voeringstof so groot soos gehekelde vierkante, stik met masjien aan 3 kante met sigsgasteek toe, plaas in gehekelde sak, werk met die hand aan binnekant van laaste dsl-ry vas. Dit voltooi die handsak.

HANDSAK MET ROOSMOTIEWE**BENODIGDHEDE**

100 g Tridalia hekelgare Nr. 5 (50 g-bolle); hekelpen van 1,50 mm; voeringstof.

MATE

Die voltooiide sak is sowat 30 cm breed en 24 cm diep; vir dieper sak kan meer rye skulpe gehekel word.

SPANNING

Roosmotief = 6,5 x 6,5 cm; 4 rye skulpe = 6,5 cm.

EERSTE PANT

Roosmotief, maak 4 vir elke pant.

Begin met lus om wysvinger, soos uiteengesit.

1e rondte: 7ks, (1lb in lus, 4ks) 3 keer, sluit-gs in 3e van 7ks – 4 sps.

2e rondte: 8kb in elke sp, sluit-gs.

3e rondte: (1kb, slaan 1 st oor, 4lb in vlg st, slaan 1kb oor) 8 keer, sluit-gs in kb.

4e rondte: (3ks, gs in kb) 8 keer, sluit-gs.

5e rondte: (1kb, 5lb, 1kb) in elke sp; sluit-gs.

6e rondte: Gs tot in 1e lb, (1kb, 7ks, 1kb in 5e lb, 4ks, 1kb in 3e van 5lb, 4 ks) 4 keer, sluit-gs.

7e rondte: 9kb in elke 7ks-sp, 5kb in elke 4ks-sp rondom, sluit-gs; knip gare af en werk af.

2e motief: Soos 1e motief, maar hekel in laaste rondte aan eerste motief só vas: Wanneer 2e hoek bereik is: 5kb in 7ks-sp, verwyder pen uit werk en steek van bo af in 5e hoek-st van eerste motief, trek st deur na voor, 2kb in sp, 2kb in vlg sp; heg ook so vas aan 8e van 9kb, dan 3e van 5kb, weer 3e van vlg 5kb, 2e van 9kb, dan 5e van 9kb by hoek, telkens met kb tussenin; voltooi dan laaste rondte soos tevore en knip werkdraad af.

3e en 4e motief: Soos 2e motief, dit vorm 'n strook van 4 motiewe.

SKULPSTROOK

Begin met 85ks.

1e ry: 2dsl in 5e ks, (slaan 4ks oor, 5dsl in 5e ks) 15 keer, 3dsl in laaste ks, draai met 4 ks.

2e en 3e ry: 2 dsl in 1e st, (5dsl in 3e van 5dsl) 15 keer, 3 dsl in laaste dsl, 4 draai-ks.

4e ry: Verbind 1e dslaan 5e kb van motief, nog 2dsl in dieselfde st; verbind verder elke 3e van 5dsl aan elke 5e st van motiewe tot einde, sluit-gs en werk af.

2e SKULPSTROOK (aan borand van roosmotiewe)

1e ry: Heg gare vas aan 5e st van hoek, 4ks, maak 2dsl in dieselfde st; 5dsl tussen elke 5kb-groep en tussen motiewe, eindig met 3dsl in laaste hoek, draai met 4ks.

2e en 3e ry: Skulpe, soos uiteengesit.

4e ry: 1kb in 1e st, *3ks, 1kb in 3e van 5dsl; herh vanaf*, eindig met 1kb in laaste st.

OMRANDING aan syrande en basisry

1e ry: Begin aan bokant van 'n syrand, heg gare vas, 1kb in kb, 4kb om sykant van elke dsl, 1kb in basis-st van elke dsl, kb in elke kb van motief, hekel voort oor dsl, dan 5kb in elke 4ks-sp van basisry, voltooi 2e syrand soos 1e, moenie draai nie, maar hekel kb van links na regs in agterkant van lusse om 'n opstaandriffel te vorm; moet weer nie draai nie, hekel daarna 1e ry met kb in elke agterste lus tot einde, sluit-gs**.

TWEDE PANT

Hekel soos van begin tot** vir eerste pant, maar moenie gare afknip nie.

Inselsel: 2e-12e ry: Kb in agterste lusse tot einde, draai telkens met 1ks.

Heg pante vas: 13e ry: Plaas pante op mekaar, kb deur elke st van albei pante tot einde.

BORAND, hekel in rondtes

1e rondte: 1kb in elke st van riffelrye, 4kb in elke 3ks-sp, sluit-gs.

2e-6e rondte: 1hlb in elke st, sluit-gs.

7e (gaatjies-)rondte: 2lb, 2ks, slaan 2 ste oor, 8lb, (sp, 2lb, sp, 10lb) 4 keer, sp, 2lb, sp, 8lb, sp, sluit-gs.

8e rondte: Kb in kb, 2kb in elke sp rondom, eindig met sluit-gs.

9e-11e rondte: Deurgaans kb.

12e rondte: Kb van links na regs in elke st, sluit-gs. Knip gare af en werk af.

KOORDE (MAAK 2)

Soos uiteengesit vir 1e handsak.

VOERING

Knip 2 stukke voeringstof dieselfde grootte as voor-en agterpant en 'n strook vir inselsel om by gehekelde inselsel te pas. Stik vas. Werk borand.

Plaas in gehekelde sak, werk met die hand aan binnerand, onderkant gaatjiesry, vas.

foto JACOB MORAKE; stillering SANDRA BODENSTEIN; hekelwerk SARIE FREEMAN; vierdraadlyn van BRASCH HOBBY, (011) 493-9100



'n **SAK** van groot **NUT**

Handsak,
strandsak, dra-
sak ... Sulke gehe-
kelde houers bied jou
bêreplek vir talle
persoonlike goed-
jies. Saamgestel
deur Sandra
Bodenstein